

Matteus 27:15-19; 32-46

Hy het gely sodat ek kan bely

Inleiding

- Ons het vir 'n paar weke nou al in diepte na die belydenis gekyk.
 - Ons pak die kern van dit wat ons glo uit.
 - Ons luister vanuit die woord wie God is.
 - Ons het nou al saam gesels oor wie God die Vader is – die Skepper van hemel en aarde en daarmee saam ook dat Christus waarlik God is en ook waarlik mens is.
- Vanoggend begin ons dan met die kern van Christus se menswording.
 - Christus se lewe op aarde en sy werk as middelaar word in besonder beskryf in die 12 artikels.
 - Die fokus vanoggend is dan spesifiek op drie gedagtes
 - Christus het gely.
 - Christus is onder Pontius Pilatus veroordeel.
 - Christus is gekruisig.
- Daarom vra ons die volgende vrae:
 - Waarom moes Christus ly?
 - Waarom moes Christus deur Pilatus veroordeel word?
 - Waarom moes Christus juis gekruisig word?
 - So kom ons dan by die wonderlike gevolgtrekking – Hy het gely sodat ek en jy kan bely.

Waarom moes Christus ly?

- Ons is dikwels geneig om Christus se lyding in te perk tot net die kruis.
 - Maar ons moet in gedagte hou dat Christus se lyding nie beperk word net tot sy liggaamlike lyding aan die kruis nie.
- Hy het volkome na liggaam en na siel gely.
- Ons bely saam dat Christus mensgeword het.
 - En so het sy lyding dan ook begin.

- Christus is ook God.
 - Met ander woorde Hy is heilig.
- Omdat Hy heilig is en ook God is, haat Hy die sonde.
 - Wanneer Christus mens word, is Hy deurlopend omring deur die sonde.
 - Deur omring te word deur dit wat heeltemaal teen jou wese is, is reeds 'n duidelike teken van die lyding van Christus.
- In Matteus 4 lees ons waar Jesus deur die Satan versoek word in die woestyn.
 - Hier het Christus fisiese honger beleef maar ook die geestelike versoeking om God se koninkryk te verwerp.
 - Christus se lyding bereik egter die hoogtepunt aan die kruis.
- Fisies kan ons hierdie lyding baie duidelik beleef in sy kruisiging.
 - Die Romeinse regering het die kuns van marteling bemeester in die manier van kruisiging.
 - Misdadigers is eers gemartel en geslaan.
 - Dan word die misdadiger se arms oopgesprei oor die dwarsbalk van die kruis.
 - Die spykers word dan ingeslaan.
 - 'n Kundige het vasgestel waar die beentjies in die pols of gewrig bymekaar kom.
 - In die gewrig is daar 8 klein beentjies.
 - Die spyker is dan ingeslaan tussen hierdie agt beentjies om te verseker dat die misdadiger geanker bly aan die kruis.
 - Dan word die regoppaal aan die kruis vasgemaak en die misdadiger word opgehys.
- Om te verseker die misdadiger se hande skeur nie oop nie, word die voete onder aand ie regoppaal vasgeslaan.
 - Die voete word beide na buite gebuig sodat daar een spyker deur achilles tendons geslaan om so te verseker die misdadiger is volkome vasgenaal teen die kruis.
 - Die gevolg is dat die bene nie reguit gemaak kan word nie.
 - Die volle gewig word dan op die maagspiere geplaas.
 - Die maagspiere stut dan die misdadiger aan die kruis.

- Jy kan egter nie asemhaal as die maagspiere so hard werk nie.
 - Daarom kan daar net asemgehaal word wanneer die maagspiere ontspan en die diafragma geaktiveer word.
- Op daardie punt is die diafragma die enigste deel van die lyf wat die lyf kan regop hou.
 - Die spykers beskadig nie die liggaam voldoende om daarvan te sterf nie.
 - Die misdadiger sterf dan gewoonlik eers wanneer die mantelvlies begin kramp en die mens nie meer kan asemhaal nie.
 - Hierdie proses het dikwels 'n paar uur geduur.
 - Die fisiese pyn is iets wat ons as mens nie volkome kan verstaan nie.
- Maar die lyding bereik sy hoogtepunt wanneer Christus aan die kruis uitroep – *My God, My God, waarom het U my verlaat?*
 - Dit beteken nie dat Christus daar is sonder God nie, maar dat Christus op daardie punt geen teken beleef van God se verbondseën nie, maar God se volkome verbondswraak.
 - Daar was vir Christus geen teken van God se seën, liefde, sorg of genade nie.
 - Net God se wraak en toorn.
 - Sy straf op die sonde.
 - Daardie lyding van die siel wat vir my en jou bestem was, het volkome op Christus neergekom.
 - Deur hierdie lyding na liggaam en siel het Christus vir my en jou verlos van die ewige straf en toorn van God, maar daarmee saam het Hy ook vir my en jou die ewige lewe verwerf.

Waarom is Christus deur Pontius Pilatus veroordeel?

- Pilatus was die regter gewees.
 - Christus is eerstens aangekla maar deur Pilatus is Christus skuldig bevind sonder dat daar enige gronde was vir Hom om skuldig te wees.

- Christus het niks verkeerd gedoen nie.
 - Hy het nie verdien om skuldig bevind te word nie.
- Maar Hy is skuldig bevind sodat ek en jy bevry kan word van God se vreesaanjaende oordeel.
 - As ek en jy voor God se regterstoel moes verskyn was ons skuldig bevind sonder enige hoop dat ons onskuldig kon wees.
 - Geen prokureur of advokaat so ons kon loskry nie.
 - Daar is voor God geen regsproses wat jy kan buig om onskuldig te wees nie.
- Christus is skuldig bevind sodat daar vir my en jou volkome vryspraak kan wees.
 - Waar Christus voor Pilatus skuldig verklaar is, word ek en jy voor die oë van God onskuldig verklaar omdat Hy my en jou sien deur die bloed van Christus.
- Christus wat volkome God is, daarom volkome heilig is en die sonde haat, kan nie sonde doen nie.
 - En Hy het ook geen sonde gedoen nie.
 - Daarom is Hy volkome onskuldig.
 - Daarin sien ons die onregverdigheid in die mens.
 - Die mens is verantwoordelik om die skuld op Christus te laai.
- So sien ons dat die lyding wat die mens moes toekom en die oordeel van God wat oor ons uitgespreek moes word alles op Christus neergekom het.
 - Maar waarom dan spesifiek die kruis?
 - Waarom so wreed?
 - Waarom die lyding?

Waarom die kruis?

- In die voorskrifte wat God aan Moses gegee het in die boek Deuteronomium sien ons in 21:22-23 dat die kruis 'n vloek was.
 - Iemand wat so opgehang is aan 'n kruis is deur God vervloek.
 - Hierdie vloek is die direkte teenoorgestelde van God se seën.
 - Wanneer Christus aan die kruis sterf is daar soos ons vroeër genoem het, geen sprake van die liefde en sorg en genade nie.
 - Skoon en suiwer wraak kom neer op Christus.
- Aan die kruis word Christus die vervloekte.

- Hy word die een wat die vloek van die sonde op Homself neem sodat dit nie op my en jou neerkom nie.
- Van Christus se eerste oomblikke as mens op aarde sien ons die pogings van die Satan om die raadsplan van God dat Christus aan die kruis moet sterf, in die wiele te ry.
 - Dit word duidelik na Jesus se geboorte as Herodus poog om elke pasgebore seuntjie dood te maak om so te verseker dat Jesus nie by die kruis moet uitkom nie.
 - Soos die versoeking op die berg word gepoog om Jesus dood te maak sodat Hy nie by die kruis uitkom nie.
 - Daarom was die vloek en die toorn en die oordeel alles deel van God se raadsplan.
 - Die duiwel kon nie daarin slaag om Christus van die kruis af weg te hou nie.
 - Daarom is daar vir ons verlossing.

Slot:

- Ons het vandag die voorreg om twee babatjies te doop.
 - Arno en Mila ontvang ook nou die teken van God se verbond.
 - Deur die doop word hulle ook vanoggend verseker dat God ook al hierdie beloftes aan hulle maak.
 - Christus het ook vir hulle gesterf.
- Daarom is dit ook die ouers se plig om al hierdie dinge by hulle in te skerp wanneer hulle groot genoeg is om te verstaan.
- Christus het nie net die vloek, toorn en oordeel gedra nie, maar Hy het vir ons die ewige lewe verwerf.
 - Danksy die wonderlike werk van Christus is daar ook nou vir ons hoop.
 - Ons sondigheid is nie meer 'n doodsvonnis nie, maar 'n vyand teen wie ons daaglik moet stry.
- Omdat Christus gely het, hoef ek nie.
 - Hy het in my plek aan die kruis gehang, Hy het in my plek gely, Hy is in my plek skuldig bevind sodat ek kan deel hê in die oorwinning van Christus.